UIT DIE SERNICK-KRAAL

Van Sernick aan jou

Wat hou 2019 in?

Lojaliteitsprogram

'n Lojaliteitsprogram vir die hele Sernick Groep word in 2019 bekendgestel. Kliënte gaan lojaliteitspunte verdien deur hul besigheid met die Sernick Groep, wat insluit Sernick Bonsmara, Fase C-toetsing, veevoere, 'n voerkraal, die Country Meat-abattoir, slaghuise en The Braai Room-restaurante. Die lojaliteitspunte gaan in afslag op toekomstige aankope in sekere groepsentiteite omskep word. Sernick wil hierdeur hul lojale kliënte vergoed en saam met hulle die pad na sukses stap.

Sernick Homegrown Bonsmara Beef

Sernick Homegrown Bonsmara Beef kry nuwe fondamente wat konstant gehalte-gedrewe is. Talle vleisgehaltetoetse en proetoetse vir verbruikers is gedoen om optimale metodes te vind wat vleisgehalte (sagtheid, sappigheid en geur) optimaliseer, verbruikersvertroue bou en waarde vir geld verseker.

Voerkraal-presisievoeding

Sagteware vir 'n nuwe rekordhouding- en bestuursprogram (DIMSSA) word geïmplementeer om naspeurbaarheid te vergemaklik, sowel as om prioriteits- en presisievoeding te doen. Naspeurbaarheid is uiters belangrik vir die verbruiker en veral vir uitvoere.

'n Belangrike aspek van naspeurbaarheid wat soms nie aandag geniet nie, is die gebruik van die data. Om data van die verskillende opeenvolgende skakels in die rooivleiswaardeketting te hê, bied groot geleenthede vir genetiese vordering en die verbetering van vleisgehalte deur seleksie, bemarkingsgeleenthede en risikobestuur.

Sernick Navorsing en Innovasie

Navorsingsresultate word verwerk en geïmplementeer om voerkraal-winsgewendheid en verbruikers se voorkeure van verskillende behandelings rakende vleisgehalte te optimaliseer. Verdere resultate word verwerk en geïmplementeer om beesvleisvet gesonder te produseer, wat verskeie gesondheidsvoordele vir die verbruiker inhou.

In 2019 word optimale voerperiodes weer onder die vergrootglas geplaas. Ons gaan voortbou op die werk wat in 2015 gedoen is deur statisties meer betekenisvolle data te genereer, asook bedryfsgedrewe beperkings op hul model te plaas.

Intensiewe skaapboerdery

Sernick word 'n vennoot van die Mamre-inisiatief. Die vennootskap volg ná 2018 se groot sukses met vier skaapproduksieskole, twee boeredae en drie buitelandse besoeke aan Botswana, Argentinië en China. Die inisiatief is gebaseer op die Mamre Intensiewe Lamstelsel (MILS), wat die breinkind van dr Karin en Manie Wessels is.

Sernick se presisieskaapvoerreeks word deurlopend gemonitor en verbeter op die demonstrasieplase van dr Karin en Manie Wessels, asook dié van dr Piet Swiegers. Die navorsing word deur Sernick Navorsing en Innovasie behartig. Die beplanning vir opleiding in 2019 is drie skaapproduksieskole, ses boeredae en ses werkswinkels deur die loop van die jaar. Oorsese belangstelling is alreeds uit Argentinië en Nieu-Seeland ontvang.

PLAAS Landboujeugstigting

Die PLAAS Landboujeugstigting, waarvan Sernick 'n stigterslid is, begin 2019 met nuwe energie. Die doel van Sernick se betrokkenheid by hierdie projek is jeugopleiding, blootstelling en 'n optimistiese landboumentaliteit. Sernick Bonsmara gaan as deel van die *Veeplaas* Skole-kuddeprojek, wat deel vorm van die stigting, na die Hoërskool Reitz om die nodige blootstelling aan leerlinge te gee en vir die skool 'n Bonsmara-kudde van hul eie op te bou. Sernick Bonsmara en Veevoere is die trotse borg. VP

Kontak ons gerus vir meer inligting.
Phillip Oosthuizen: Hoof van Ekonomie en Navorsing. Sel: 076 901 8763
Epos: phillip@sernickgroup.co.za
Webtuiste: www.sernick.co.za

Dissipline is die brug tussen doelwitte en die vervulling daarvan.

Die krag van optimisme

Landbouers vat hande met diensverskaffers en akademie om produksie te verhoog.

Suid-Afrikaanse landbouers is uniek